052476|X

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

183191338F

# DIE KORTTERMYNINVLOED VAN DIE TOEGANG TOT 'N TELEVISIESTEL TUIS OP ENKELE PERSOONLIKHEIDSTREKKE VAN 'N GROEP BLANKES VAN 18 JAAR EN OUER

W. WILLIAMS, B.A. Hons.

SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VIR KOMMUNIKASIENAVORSING

DIREKTEUR: Dr. P.C.J. Jordaan

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL
GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

0000026289

1980

Pretoria

Navorsingsbevinding KOMM-N-32

ISBN 0 86965 768 2

001.3072068 HSRC KOMM N 32

*002628*

Kopiereg voorbehou

Prys R1,30
(AVB ingesluit)

2844363866

RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEEK

HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

...982 -08- 30

1983 -05- 30

1985 -11- 29

1986 -03- 27

1986 -09- 09

...87 -09- 21

1987 -09- 23

INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| | SUMMARY/OPSOMMING | (iv) |
| 1 | INLEIDING, DOEL EN HIPOTESE | 1 |
| 1.1 | INLEIDING | 1 |
| 1.2 | DOEL EN HIPOTESE | 1 |
| 2 | METODE VAN ONDERSOEK | 2 |
| 2.1 | INLEIDING | 2 |
| 2.2 | DIE MEETINSTRUMENTE | 2 |
| 2.3 | ONTWERP | 6 |
| 2.4 | SAMESTELLING VAN ONDERSOEKGROEPE | 9 |
| 3 | RESULTATE | 20 |
| 3.1 | INLEIDING | 20 |
| 3.2 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK PRESTASIE | 20 |
| 3.3 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SPEL | 21 |
| 3.4 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK BEGRIP | 21 |
| 3.5 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK OUTONOMIE | 21 |
| 3.6 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK VERANDERING | 21 |
| 3.7 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK KOGNITIEWE STRUKTUUR | 21 |
| 3.8 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AFFILIASIE | 21 |
| 3.9 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AGGRESSIE | 22 |
| 3.10 | DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SELFVERTOON | 22 |
| 4 | SAMEVATTENDE BESPREKING | 33 |
| 4.1 | DOEL | 33 |
| 4.2 | METODE | 33 |
| 4.3 | VERNAAMSTE BEVINDINGS | 33 |
| 4.4 | MOONTLIKE VERKLARING VAN DIE RESULTATE | 35 |
| 4.5 | SLOT | 36 |
| | LITERATUURLYS | 37 |

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | BESKRYWING VAN DIE NEGE PRF-SKALE WAT VIR DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS | 3 |
| 2.2 | BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE PERSONALITY RESEARCH FORM (JACKSON, 1967) | 5 |
| 2.3 | SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE PRESTASIE, SPEL EN BEGRIP (VRAELYS 1) | 12 |
| 2.4 | SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE OUTONOMIE, VERANDERING EN KOGNITIEWE STRUKTUUR (VRAELYS 2) | 13 |
| 2.5 | SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE AFFILIASIE, AGGRESSIE EN SELFVERTOON (VRAELYS 3) | 14 |
| 2.6 | SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE PRESTASIE, SPEL EN BEGRIP (VRAELYS 1) | 15 |
| 2.7 | SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE OUTONOMIE, VERANDERING EN KOGNITIEWE STRUKTUUR (VRAELYS 2) | 16 |
| 2.8 | SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREKKE AFFILIASIE, AGGRESSIE EN SELFVERTOON (VRAELYS 3) | 17 |
| 2.9 | SAMESTELLING VAN DIE AFGEPAARDE GROEPE | 18 |
| 3.1 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRF-TELLINGS VAN DIE 1973- EN 1977-STEEKPROEWE | 23 |
| 3.2 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK PRESTASIE | 24 |
| 3.3 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SPEL | 25 |
| 3.4 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK BEGRIP | 26 |
| 3.5 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK OUTONOMIE | 27 |
| 3.6 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK VERANDERING | 28 |
| 3.7 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK KOGNITIEWE STRUKTUUR | 29 |
| 3.8 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AFFILIASIE | 30 |
| 3.9 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AGGRESSIE | 31 |
| 3.10 | VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SELFVERTOON | 32 |

## FIGURE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 2.1 | ONTWERP VIR DIE BEPALING VAN DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP 'N PERSOONLIKHEIDSTREK | 8 |
| 2.2 | VERGELYKING VAN DIE SAMESTELLING VAN DIE TOTALE AFGEPAARDE GROEP MET DIE SAMESTELLING VAN DIE BLANKE BEVOLKING VAN 18 JAAR EN OUER IN TRANSVAAL EN NATAL (GESAMENTLIK) | 19 |

## OPSOMMING

Hierdie navorsingsbevinding handel oor die korttermyninvloed van die toegang tot 'n televisiestel tuis op nege persoonlikheidstrekke soos gemeet met die Personality Research Form van Jackson. Alle afleidings is gebaseer op gegewens wat tydens opnames in 1973, dit wil sê voor die instelling van SATV, en in 1977, dit wil sê na die instelling daarvan, onder Blankes van 18 jaar en ouer in Transvaal en Natal gedoen is.

Daar is bevind dat die persoonlikheidstrekke in die breë bevolking oor hierdie tydperk relatief stabiel gebly het. Die toegang tot 'n televisiestel tuis het verder slegs in enkele gevalle 'n invloed op persoonlikheid by sommige afgepaarde groepe respondente gehad. By Engelssprekende vroue was daar 'n afname in selfstandigheidstrewe en prestasiegeneigdheid, terwyl vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar 'n toename in affiliasiestrewe getoon het. Wat mans betref, was daar by die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar 'n toename in selfstandigheidstrewe en aggressiwiteit, terwyl daar by die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar 'n afname in die geneigdheid tot verandering voorgekom het.

Hierdie uitwerking van televisie hou moontlik verband met interpersoonlike verhoudingsmodelle in televisieprogramme wat die kykers se geslagsrolidentifikasie sodanig beïnvloed het dat dit tot 'n versterking gelei het van die rolle wat tradisioneel aan die vroeë en middelvolwassefases gekoppel word.

## SUMMARY

This research finding deals with the short-term influence of the access to a television set at home on nine personality traits as measured by Jackson's Personality Research Form. All deductions are based on surveys undertaken among Whites aged 18 years and older in the Transvaal and Natal in 1973, prior to the introduction of television and in 1977, after its introduction.

It was found that the personality traits of the broad population remained comparatively stable over this period. Access to a television set at home had an influence on personality in only a few cases of matched groups of respondents. With regard to English-speaking women, there was a decrease in autonomy and achievement, whereas women in the age group between 25 and 34 years displayed an increase in affiliation. In the case of men, there was an increase in independence and aggression in the age group between 18 and 24 years, while there was a decrease in the tendency towards change in the age group between 25 and 34 years.

This effect of television is possibly related to interpersonal relation models in television programmes which influenced the viewers' sex role identification to such an extent that they led to a strengthening of the roles that are traditionally coupled to the early and middle phases of adulthood.

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING, DOEL EN HIPOTESE

## 1.1 INLEIDING

Hierdie ondersoek vorm deel van 'n navorsingsprogram wat op aanbeveling van die Kommissie van ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie (1971) deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing van die RGN onderneem word. Die doel met die navorsingsprogram is om die invloed van televisie op die Suid-Afrikaanse bevolking te ondersoek. Die Kommissie het aanbeveel dat daar reeds voor die instelling van 'n eie televisiediens (SATV) met die navorsing begin moet word. Waar die RSA die laaste ontwikkelde Westerse land was waar televisie ingestel is en omdat daar met opnames begin kon word voordat die bevolking aan televisie blootgestel is, het hierdie situasie 'n unieke navorsingsgeleentheid gebied. Deur die resultate van die Voor-televisie-opnames te vergelyk met die inligting wat na die instelling van SATV ingesamel is, kan daar moontlik insiggewende afleidings oor die invloed van televisie gemaak word. Soortgelyke navorsingsgeleenthede is juis nie ten volle in die verlede in die buiteland benut nie.

## 1.2 DOEL EN HIPOTESE

Die doel met hierdie studie is om die korttermyninvloed wat die toegang tot 'n televisiestel tuis op enkele persoonlikheidstrekke van 'n groep Blankes van 18 jaar en ouer mag hê, te ondersoek.

In hierdie bevinding dui korttermyninvloed op die invloed van die toegang tot 'n televisiestel tuis gedurende die eerste jaar (1976) van volskaalse SATV-uitsendings.

Hierdie ondersoek neem die vorm van 'n verkenningstudie aan en daarom word daar nie spesifieke hipoteses oor die rigting van die invloed van televisie op persoonlikheid gestel nie. Ten einde die ondersoek te rig word volstaan met die volgende algemene hipotese:

Die toegang tot 'n televisiestel tuis het 'n statisties betekenisvolle korttermyninvloed op die volgende persoonlikheidstrekke soos gemeet op die Personality Research Form (PRF) van Jackson (1967) by 'n groep Blankes van 18 jaar en ouer:

- Prestasie
- Spel
- Begrip
- Outonomie
- Verandering
- Kognitiewe struktuur
- Affiliasie
- Aggressie
- Selfvertoon.

HOOFSTUK 2

# METODE VAN ONDERSOEK

## 2.1 INLEIDING

Die gegewens wat gebruik is, is verkry tydens twee opnames wat onderskeidelik in 1973, dit wil sê voor die instelling van SATV, en in 1977, dit wil sê na die instelling daarvan, onderneem is. Slegs gegewens van Blankes van 18 jaar en ouer en wat tydens die opnames in Transvaal of Natal gewoon het, is gebruik.

## 2.2 DIE MEETINSTRUMENTE

### 2.2.1 *"Personality Research Form" (PRF) van Douglas N. Jackson*

Die PRF is gebaseer op die persoonlikheidsteorie van Henry Murray (1938) wat berus op 'n groot aantal persoonlikheidsveranderlikes wat duidelik deur Murray afgebaken en gedefinieer is. Jackson het met die konstruksie van die PRF die definisies van Murray as uitgangspunt gebruik om items ten opsigte van die verskillende persoonlikheidstrekke op te stel. Daar is dus reeds in die beginstadium van toetskonstruksie bepaal watter persoonlikheidstrek elke toetsitem veronderstel sou wees om te meet.

'n Verdere eienskap van die PRF is dat dit ontwerp is om persoonlikheidstrekke te meet wat verband hou met die funksionering van 'n indiwidu in 'n wye verskeidenheid van situasies. Waar die PRF dus ingestel is om die "mens in aksie" te evalueer, is dit op normale funksionering gerig en nie soseer op afwykende gedrag nie.

*a. Die skale van die PRF*

In sy volledige vorm bestaan die PRF uit 22 verskillende skale wat elk 20 items bevat. Die items is op so 'n wyse gestel dat 'n toetsling moet aandui of die beskrywing volgens sy of haar oordeel waar of vals is. In elke skaal is daar 10 items waarvoor daar aan 'n "waar"-respons 'n telling van 1 en aan 'n "vals"-respons 'n telling van 0 toegeken word. By die ander 10 items in die skaal word 'n telling van 1 aan 'n "vals"-respons en 'n telling van 0 aan 'n "waar"-respons toegeken. Hiervolgens kan 'n toetsling 'n maksimum van 20 punte op elke skaal behaal.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is besluit om 'n verkorte vorm van die PRF te gebruik. Slegs skale wat per definisie meer betrekking het op gedrag rondom die gebruik van massamedia, is deur 'n paneel deskundiges uitgesoek en in die ondersoek ingesluit. Die beskrywings van die nege skale

TABEL 2.1

BESKRYWING VAN DIE NEGE PRF-SKALE WAT VIR DIE ONDERSOEK GEBRUIK IS

| Skaal | Beskrywing van 'n persoon met hoë tellings | Definiërende byvoeglike naamwoorde vir trekke |
|---|---|---|
| Prestasie | Probeer om moeilike take te voltooi, handhaaf hoë standaarde en is gewillig om te werk om verwyderde doelstellings te bereik; reageer positief op kompetisie; gewillig om hard te probeer om perfektheid te bereik. | Strewend, uitvoerend, bekwaam, doelgerig, ywerig, presterend, aspirerend, ondernemend, selfverbeterend, produktief, ambisieus, vindingryk, kompeterend. |
| Spel | Doen baie dinge net vir die plesier; bestee baie tyd om aan spel, sport, sosiale aktiwiteite en ander vermaaklikhede deel te neem; geniet grappe en snaakse stories; handhaaf 'n gemiddelde lighartige lewenshouding. | Spelerig, joviaal, jolig, plesiersoekerig, vrolik, grappig, vermakerig, sportief, opgeruimd, plesierig, opgetoë, kommervry, blymoedig. |
| Begrip | Wil baie areas van kennis verstaan; waarde-sintese van idees, verifieer veralgemenings, logiese denke in besonder wanneer dit gerig is op intellektuele nuuskierigheid. | Ondersoekend, nuuskierig, analities, eksplorerend, intellektueel, peinsend, indringend, logies, bestuderend, teoreties, slim, rasioneel, weetgierig. |
| Outonomie | Probeer om beperkings te omseil; geniet dit om onverbonde te wees; vry, nie aan mense of plekke verbind nie, sonder verpligting, mag opstandig word wanneer hy gedwing word. | Onbeheerbaar, vry, selfvertrouend, onafhanklik, rebels, onbedwonge, individualisties, onregeerbaar, selfbeskikkend, nie-konformerend, nieklaend, ongedomineerd, weerbarstig, alleenloper. |
| Verandering | Hou van nuwe ondervinding; hou nie van roetine nie en vermy dit; mag opinies en waardes geredelik in verskillende omstandighede verander, pas geredelik aan by verandering in die omgewing. | Inkonsekwent, wispelturig, rekbaar, onvoorspelbaar, twyfelend, onbestendig, aanpasbaar, veranderlik, ongereeld, wisselend, onberekenbaar, vlugtig, weifelend, onstandvastig. |
| Kognitiewe struktuur | Hou nie van dubbelsinnigheid of onsekerheid van inligting nie; wil alle antwoorde volledig beantwoord hê; begeer om beslissings te maak wat gebaseer is op feite eerder as op moontlikhede. | Presies, veeleisend, seker, soek sekerheid, nougeset, perfeksionisties, duidelik, uitdruklik, akkuraat, streng, letterlik, ontduik dubbelsinnigheid, definiërend, onveranderlik, behoefte aan struktuur. |
| Affiliasie | Geniet dit om by vriende en mense in die algemeen te wees; aanvaar mense geredelik; wend pogings aan om vriende te wen en handhaaf assosiasies met mense. | Gesellig, lojaal, hartlik, goedgeaard, vriendelik, kameraadskaplik, minsaam, ko-operatief, gasvry, sosiaal, aanneemlik. |
| Aggressie | Geniet dit om te veg en te argumenteer; vererg maklik; soms gewillig om ander seer te maak om sy sin te kry; mag vergelding soek by mense wat hy dink hom kwaad aangedoen het. | Aggressief, skoorsoekerig, geïrriteerd, argumenterend, dreigend, aanvallend, antagonisties, kort van draad, opvlieënd, vyandig, vergeldend, oorlogvoerend, bot, wraaksugtig. |
| Selfvertoon | Wil die middelpunt van aandag wees; geniet dit om 'n gehoor te hê; neem deel aan aktiwiteite wat die aandag van ander trek; mag dit geniet om dramaties of gevat te wees. | Kleurvol, vermaaklik, ongewoon, skouspelagtig, vertonerig, opvallend, ekspressief, windmakerig, onbeskeie, demonstratief, spoggerig, dramaties, verwaand, aanstellerig. |

wat so uitgekies is, word in tabel 2.1 gegee.

Tydens beide die 1973- en die 1977-opnames is hierdie nege skale soos volg oor drie afsonderlike vraelyste versprei:

- Vraelys 1: Persoonlikheidstrekke Prestasie, Spel en Begrip
- Vraelys 2: Persoonlikheidstrekke Outonomie, Verandering en Kognitiewe struktuur
- Vraelys 3: Persoonlikheidstrekke Affiliasie, Aggressie en Selfvertoon

*b. Betroubaarheid en geldigheid van die PRF*

*1. Betroubaarheid*

(a) Itemhomogeniteit

Volgens Jackson (1967) is die mediaanbetroubaarheid vir die PRF in sy volledige vorm hoër as 0,92. Hy het verder volgens die Kuder-Richardsonformule-20 bepaal dat die betroubaarheid van die nege skale van die PRF wat in hierdie ondersoek gebruik is, deurgaans hoër as 0,83 is (kolom 1, tabel 2.2).

Snyman (1976) het bevind dat die nege geselekteerde skale ook onder Suid-Afrikaanse omstandighede bevredigende betroubaarheidskoëffisiënte oplewer.

(b) Toets-hertoetsbetroubaarheid

In 'n ondersoek (Jackson, 1967) om hierdie aspek van betroubaarheid te ontleed, is die gegewens wat in kolom 2 van tabel 2.2 aangegee word, verkry. Dié gegewens verteenwoordig korrelasies wat verkry is tussen twee stelle metings wat met 'n tussenpose van een week verkry is.

*2. Geldigheid*

(a) Konvergente geldigheid

Ten einde vas te stel of die PRF wel meet wat dit veronderstel is om te meet, het Jackson (1967) 'n studie gedoen waarin die tellings van die PRF vergelyk is met tellings van 'n ander onafhanklike meting van persoonlikheid. 'n Steekproef van 51 studente is deur 'n groep deskundiges wat die studente goed geken het, volgens 'n

TABEL 2.2

BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID VAN DIE PERSONALITY RESEARCH FORM (JACKSON, 1967)

| Skale | Korrelasies ten opsigte van itemhomogeniteit | Korrelasies ten opsigte van toets-hertoetsbetroubaarheid | Korrelasies ten opsigte van konvergente geldigheid |
|---|---|---|---|
| Prestasie | 0,91 | 0,80 | 0,52 |
| Spel | 0,89 | 0,81 | 0,55 |
| Begrip | 0,88 | 0,85 | 0,50 |
| Outonomie | 0,87 | 0,77 | 0,54 |
| Verandering | 0,83 | 0,69 | 0,28 |
| Kognitiewe Struktuur | 0,85 | 0,73 | 0,35 |
| Affiliasie | 0,91 | 0,79 | 0,43 |
| Aggressie | 0,92 | 0,85 | 0,66 |
| Selfvertoon | 0,91 | 0,88 | 0,71 |

beoordelingskaal geëvalueer op persoonlikheidstrekke waarvan die beskrywings ooreenstem met dié van die PRF. Hierna is dieselfde studente se tellings op die PRF verkry, waarna die twee stelle tellings gekorreleer is. Hierdie resultate word in kolom 3 van tabel 2.2 gegee.

(b) Diskriminantgeldigheid

Behalwe dat 'n toets moet meet wat dit veronderstel is om te meet, moet die verskillende skale in bevredigende mate gedifferensieerd wees. Elke persoonlikheidstrek moet dus onafhanklik van die ander wees en die meting daarvan moet 'n unieke bydrae tot die globale persoonlikheidsevaluering lewer. Volgens 'n selfontwikkelde metode wat hy "multimethod factor analysis" noem, het Jackson ook hierdie aspek ondersoek en bevind dat die PRF se skale onafhanklike beoordelingskale vir persoonlikheidsevaluasie is.

### 2.2.2 *Biografiese vraelys*

Afgesien van die persoonlikheidstoets is daar ook 'n biografiese vraelys by die ondersoek ingesluit. Die doel hiermee was om tersaaklike agtergrondgegewens oor elke respondent te bekom. Gegewens is onder andere oor geslag, ouderdom, huistaal, onderwyspeil, huwelikstaat, woonplek (huis, woonstel, hotel, ens.) en ligging van woonplek (stedelik, nie-stedelik) ingewin.

## 2.3 ONTWERP

Die gegewens wat tydens die ondersoek ingesamel is, is op tweërlei wyse ontleed. In die eerste plek is nagegaan of daar oor die tydperk van 1973, dit wil sê voor die instelling van televisie, tot 1977, dus na die instelling van televisie, enige veranderinge voorgekom het in nege persoonlikheidstrekke (soos gemeet deur die PRF) van die breë bevolking in Transvaal en Natal. Hierna is die invloed van televisie op dieselfde persoonlikheidstrekke ondersoek.

### 2.3.1 *Die ondersoek na persoonlikheidsverandering by die breë bevolking in Transvaal en Natal*

Dié gedeelte van die ondersoek behels die vergelyking van twee stelle persoonlikheidsmetings, naamlik metings wat verkry is uit steekproewe van onderskeidelik die 1973- en 1977-opnames. Alle vergelykings is deur middel van t-toetse vir onafhanklike groepe ten opsigte van elk van die nege persoonlikheidstrekke uitgevoer.

Die doel met die vergelyking is slegs om vas te stel of daar enige statisties betekenisvolle verandering in persoonlikheid oor hierdie tydperk by die breë bevolking in die twee betrokke provinsies voorgekom het. Hierdie gegewens kan gebruik word om perspektief te verleen aan die resultate wat oor die invloed van televisie op persoonlikheid verkry is.

### 2.3.2 *Ondersoek na die invloed van televisie op persoonlikheidstrekke*

Ten einde die invloed van televisie te kon ondersoek, is drie vergelykbare groepe respondente deur middel van afparing saamgestel. Die steekproewe waarvan hierbo melding gemaak is, het as bron gedien waaruit respondente vir drie verskillende afgepaarde groepe verkry is. Hierdie drie groepe staan soos volg in die teks bekend:

- Die Voor-televisiegroep ('n groep respondente uit die 1973-opname)
- Die Televisiegroep ('n groep respondente uit die 1977-opname)
- Die Nie-televisiegroep ('n groep respondente uit die 1977-opname)


Ten opsigte van elke persoonlikheidstrek is 'n stel verskiltellings bereken deur telkens die PRF-telling van elke respondent in die Voor-televisiegroep af te trek van die PRF-telling van die ooreenstemmende afgepaarde respondent in die Televisiegroep. Daar word verder in die teks kortweg na hierdie stel verskiltellings as die *Televisieverspreiding* verwys. 'n Stel verskiltellings tussen die Voor-televisiegroep en die Nie-Televisiegroep is op soortgelyke wyse bereken (die *Nie-televisieverspreiding*).

Voorts is 'n gemiddelde verskiltelling ten opsigte van elke persoonlikheidstrek onderskeidelik vir die Televisieverspreiding en die Nie-televisieverspreiding bereken. Hierna is telkens tweekantige t-toetse vir afgepaarde groepe gebruik om die betekenisvolheid van verskille tussen hierdie twee gemiddelde verskiltellings te ondersoek. Volgens hierdie metode kan 'n statisties betekenisvolle verskil beskou word as 'n aanduiding van die invloed wat die toegang tot 'n televisiestel tuis op persoonlikheid mag hê. Deur middel van inspeksie van die teken van die betrokke t-waardes, kan ook 'n aanduiding gekry word van die rigting van die invloed. 'n Plusteken dui daarop dat die gemiddelde telling van die PRF-skaal as gevolg van televisie hoër is as wat die geval sou wees indien televisie nie teenwoordig was nie, terwyl 'n teenoorgestelde interpretasie aan 'n minusteken geheg kan word.

Figuur 2.1 bied 'n skematiese uiteensetting van die ontwerp.

FIGUUR 2.1

ONTWERP VIR DIE BEPALING VAN DIE INVLOED VAN TELEVISIE OP 'N PERSOONLIKHEIDSTREK




**Verklaring van simbole**

- $k$ = Aantal respondente in elke afgepaarde groep
- $i$ = Getal wat enige waarde van 1 tot $k$ kan aanneem
- $A_i$ = PRF-telling van een van die lede van die Voor-televisiegroep (1973)
- $B_i$ = PRF-telling van een van die lede van die Televisiegroep (1977)
- $C_i$ = PRF-telling van een van die lede van die Nie-televisiegroep (1977)
- Verskiltelling $V_i = B_i - A_i$ (waar $i$ telkens vir $V_i$, $B_i$ en $A_i$ dieselfde waarde tussen 1 en $k$ het)
- Verskiltelling $V_i^- = C_i - A_i$ (waar $i$ telkens vir $V_i^-$, $C_i$ en $A_i$ dieselfde waarde tussen 1 en $k$ het)

- $\bar{V}$ = Gemiddelde verskiltelling van die Televisieverspreiding (dus $\bar{V} = \sum_{i=1}^{k} \frac{V_i}{k}$ )
- $\bar{V}^-$ = Gemiddelde verskiltelling van die Nie-televisieverspreiding (dus $\bar{V}^- = \sum_{i=1}^{k} \frac{V_i^-}{k}$ )
- $$t = \frac{\bar{V} - \bar{V}^-}{\sqrt{\frac{(s^2 + s^{-2})}{k}\left(1 - r_{V_i V_i^-}\right)}}$$ (Du Toit, 1966)

  waar $s$ = die standaardafwyking van die Televisieverspreiding,

  $s^-$ = die standaardafwyking van die Nie-televisieverspreiding

  en $r_{V_i V_i^-}$ = die korrelasiekoëffisiënt tussen die Televisieverspreiding en die Nie-televisieverspreiding.

## 2.4 SAMESTELLING VAN DIE ONDERSOEKGROEPE

### *2.4.1 Steekproewe wat vir die ondersoëk na persoonlikheidsverandering by die breë bevolking in Transvaal en Natal getrek is*

Die gegewens vir hierdie studie is in 1973 asook in 1977 met drie afsonderlike vraelyste (kyk paragraaf 2.2.1a.) onder Blanke respondente van 18 jaar en ouer in Transvaal en Natal ingewin. Elke respondent moes slegs een van die drie vraelyste invul. By beide opnames is daar dus van drie steekproeftrekkings gebruik gemaak en sodoende is daar in totaal uiteindelik ses steekproewe verkry. Elke steekproef is op ewekansige wyse getrek en is aan die hand van die 1970-sensusgegewens van die Departement van Statistiek volgens die volgende veranderlikes gestratifiseer:

*a. Provinsie*

1. Transvaal
2. Natal

*b. Geslag*

1. Manlik
2. Vroulik

*c. Huistaal*

1. Afrikaans
2. Engels

*d. Ligging van woonplek*

1. Stedelik
2. Nie-stedelik

*e. Ouderdom*

1. 18 tot 24 jaar
2. 25 tot 34 jaar
3. 35 tot 44 jaar
4. 45 tot 54 jaar
5. 55 tot 64 jaar
6. 64 jaar en ouer.

'n Samevatting van elk van die ses steekproewe volgens die bogenoemde veranderlikes word in tabel 2.3 tot 2.8 gegee. Om vas te stel in watter mate die werklike steekproeffrekwensies ooreenstem met die proporsionele sensusfrekwensies, is chi-kwadraatberekeninge vir elke steekproef gedoen (Du Toit, 1966).

As gevolg van die verwagte frekwensies van nul in sommige selle, is die chi-kwadraat bereken op grond van gekombineerde frekwensies (soos in die tabelle aangedui). Aangesien daar geen statisties betekenisvolle verskille by enige van die ses steekproewe voorkom nie, kan aanvaar word dat al die steekproewe ten opsigte van die veranderlikes provinsie, geslag, huistaal, ligging van woonplek en ouderdom, verteenwoordigend is van die Blanke bevolking van 18 jaar en ouer in Transvaal en Natal.

2.4.2 *Afgepaarde groepe wat vir die ondersoek na die invloed van televisie op persoonlikheidstrekke saamgestel is*

Soos in paragraaf 2.3.2 genoem, is die respondente vir die doeleindes van hierdie ondersoek in drie groepe verdeel, naamlik die Voor-televisiegroep (1973), die Televisiegroep (1977) en die Nie-televisiegroep (1977). Die twee groepe respondente uit die 1977-opname is saamgestel op grond van die antwoorde wat gegee is op 'n vraag wat oor die beskikbaarheid van 'n televisiestel tuis gehandel het. Slegs respondente wat aangedui het dat hulle wel tuis oor 'n televisiestel beskik, het gekwalifiseer om in die Televisiegroep ingesluit te kon word, terwyl die respondente wat aangedui het dat hulle nie tuis oor 'n televisiestel beskik nie, gekwalifiseer het vir insluiting in die Nie-televisiegroep. Vir die doel van die ondersoek is daar nie tussen kleur- en monochroomstelle onderskei nie. Enige respondent wat by die 1973-opname betrek is, kon by die Voor-televisiegroep ingesluit word.

Ten einde vas te stel watter veranderlikes in ag geneem moes word om bogenoemde drie groepe respondente vergelykbaar te maak, is al die beskikbare relevante biografiese veranderlikes wat moontlik 'n invloed op die persoonlikheidstrekke kon hê deur middel van stapsgewyse regressie-ontledings ondersoek (Barr, Goodnight, Sall en Halwig, 1976). Volgens hierdie metode kon afgelei word watter biografiese veranderlikes die belangrikste rol by elk van die nege persoonlikheidstrekke speel. In die geheel beskou, is bevind dat die volgende ses veranderlikes by die nege persoonlikheidstrekke gesamentlik die belangrikste rol speel en gevolglik is hierdie veranderlikes by die afparing van die bogenoemde drie groepe in ag geneem:

. Geslag
. Onderwyspeil
. Huistaal
. Ouderdom

- Huwelikstaat
- Woonplek (huis, woonstel, hotel, ens.)

Die samestelling van elk van die drie groepe wat volgens hierdie ses veranderlikes afgepaar is, word in tabel 2.9 aangedui. Ten einde vergelykings tussen subgroepe moontlik te maak, is elk van die drie totale afgepaarde groepe (N = 416) verder onderverdeel volgens die veranderlikes geslag, huistaal en ouderdom. Op hierdie wyse is daar by die Voor-televisiegroep, die Televisiegroep sowel as by die Nie-televisiegroep die volgende afgepaarde subgroepe gevorm:

a. *Verdeling volgens geslag en huistaal*

| | |
|---|---|
| Afgepaarde Afrikaanssprekende mans | (N = 126) |
| Afgepaarde Engelssprekende mans | (N = 35) |
| Afgepaarde Afrikaanssprekende vroue | (N = 199) |
| Afgepaarde Engelssprekende vroue | (N = 56) |

b. *Verdeling volgens geslag en ouderdom*

| | |
|---|---|
| Afgepaarde mans van 18 tot 24 jaar | (N = 39) |
| Afgepaarde mans van 25 tot 34 jaar | (N = 40) |
| Afgepaarde mans van 35 tot 54 jaar | (N = 49) |
| Afgepaarde mans van 55 jaar en ouer | (N = 33) |
| Afgepaarde vroue van 18 tot 24 jaar | (N = 44) |
| Afgepaarde vroue van 25 tot 34 jaar | (N = 62) |
| Afgepaarde vroue van 35 tot 54 jaar | (N = 94) |
| Afgepaarde vroue van 55 jaar en ouer | (N = 55) |

Die gebruik van afgepaarde groepe om die invloed van televisie te ondersoek het dié beperking dat afleidings wat gemaak word, nie sonder meer tot die breë bevolking veralgemeen kan word nie aangesien die samestelling van afgepaarde groepe nie noodwendig ooreenstem met dié van die universum nie. Om aan te toon in watter mate die samestelling van die totale afgepaarde groep van die universum afwyk, word 'n vergelyking in figuur 2.2 getref. Slegs vergelykings ten opsigte van veranderlikes waarvoor vergelykbare sensusgegewens verkry kon word, naamlik geslag, ouderdom en taal, word aangetoon.



052476

TABEL 2.3*

SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, PRESTASIE, SPEL EN BEGRIP (VRAELYS 1)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 51 | 57 | 7 | 8 | 28 | 22 | 1 | 1 | 49 | 53 | 6 | 7 | 28 | 32 | 1 | 1 | 171 | 181 |
| | 25-34 jaar | 56 | 66 | 8 | 11 | 36 | 40 | 1 | 0 | 54 | 59 | 8 | 8 | 34 | 42 | 1 | 0 | 198 | 226 |
| | 35-44 jaar | 41 | 41 | 9 | 12 | 26 | 32 | 1 | 0 | 40 | 54 | 9 | 10 | 27 | 28 | 1 | 1 | 154 | 178 |
| | 45-54 jaar | 32 | 37 | 7 | 5 | 25 | 25 | 1 | 1 | 31 | 36 | 7 | 6 | 26 | 28 | 1 | 0 | 130 | 138 |
| | 55-64 jaar | 21 | 22 | 8 | 9 | 20 | 10 | 1 | 0 | 23 | 24 | 7 | 6 | 22 | 9 | 1 | 1 | 103 | 81 |
| | 65 jaar en ouer | 12 | 11 | 5 | 5 | 11 | 3 | 1 | 0 | 17 | 7 | 5 | 4 | 17 | 5 | 1 | 1 | 69 | 36 |
| NATAL | 18-24 jaar | 4 | 3 | 1 | 2 | 13 | 16 | 1 | 1 | 4 | 4 | 1 | 1 | 14 | 14 | 1 | 1 | 38 | 40 |
| | 25-34 jaar | 7 | 7 | | | 15 | 15 | 1 | 1 | 6 | 7 | 1 | 2 | 14 | 13 | 1 | 0 | 46 | 47 |
| | 35-44 jaar | 5 | 4 | 1 | 1 | 12 | 12 | 1 | 1 | 4 | 6 | | | 12 | 13 | 1 | 1 | 37 | 39 |
| | 45-54 jaar | 4 | 4 | | | 11 | 13 | 1 | 1 | 3 | 5 | 1 | 1 | 12 | 10 | 1 | 1 | 33 | 35 |
| | 55-64 jaar | 2 | 2 | 1 | 1 | 10 | 3 | 1 | 1 | 3 | 2 | | | 12 | 12 | 1 | 0 | 29 | 20 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 0 | | | 8 | 8 | | | 2 | 1 | | | 13 | 2 | | | 24 | 11 |
| TOTAAL | | 236 | 254 | 47 | 54 | 215 | 199 | 11 | 7 | 236 | 258 | 45 | 45 | 231 | 208 | 11 | 7 | 1032 | 1032 |

*Ter wille van leesbaarheid word die gegewens in tabel 2.3 tot 2.8 slegs in frekwensies uitgedruk.

$\chi^2 = 78{,}62$

gv = 87

$P > 0{,}05$

TABEL 2.4

SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, OUTONOMIE, VERANDERING EN KOGNITIEWE STRUKTUUR (VRAELYS 2)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 52 | 61 | 7 | 6 | 29 | 18 | 1 | 1 | 50 | 58 | 6 | 5 | 28 | 28 | 1 | 3 | 174 | 180 |
| | 25-34 jaar | 57 | 67 | 9 | 10 | 36 | 39 | 1 | 2 | 55 | 61 | 9 | 11 | 35 | 38 | 1 | 0 | 203 | 228 |
| | 35-44 jaar | 42 | 51 | 8 | 8 | 27 | 33 | 1 | 1 | 41 | 50 | 9 | 11 | 28 | 34 | 1 | 1 | 157 | 189 |
| | 45-54 jaar | 33 | 41 | 7 | 8 | 25 | 15 | 1 | 0 | 32 | 41 | 8 | 10 | 26 | 27 | 1 | 1 | 133 | 143 |
| | 55-64 jaar | 21 | 24 | 9 | 10 | 20 | 7 | 1 | 0 | 23 | 28 | 7 | 8 | 22 | 15 | 1 | 0 | 104 | 92 |
| | 65 jaar en ouer | 13 | 9 | 5 | 6 | 12 | 5 | 1 | 1 | 18 | 8 | 5 | 3 | 18 | 2 | 1 | 1 | 73 | 35 |
| NATAL | 18-24 jaar | 4 | 5 | 1 | 1 | 13 | 14 | 1 | 0 | 4 | 4 | 1 | 0 | 14 | 16 | 1 | 0 | 38 | 39 |
| | 25-34 jaar | 7 | 7 | | | 14 | 9 | 1 | 2 | 6 | 6 | 1 | 0 | 14 | 16 | 1 | 1 | 47 | 42 |
| | 35-44 jaar | 5 | 8 | 1 | 2 | 12 | 12 | 1 | 1 | 6 | 5 | | | 13 | 12 | 1 | 0 | 42 | 40 |
| | 45-54 jaar | 4 | 3 | | | 12 | 12 | 1 | 0 | 4 | 5 | 1 | 0 | 13 | 16 | 1 | 2 | 36 | 39 |
| | 55-64 jaar | 2 | 2 | 1 | 1 | 10 | 6 | 1 | 0 | 3 | 1 | | | 12 | 11 | 1 | 0 | 29 | 20 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 0 | | | 8 | 6 | | | 2 | 1 | | | 13 | 2 | | | 24 | 9 |
| TOTAAL | | 241 | 278 | 48 | 52 | 218 | 176 | 11 | 8 | 244 | 268 | 47 | 48 | 236 | 217 | 11 | 9 | 1056 | 1056 |

$\chi^2 = 106,71$

gv = 87

$p > 0,05$

## TABEL 2.5

SAMESTELLING VAN DIE 1973-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, AFFILIASIE, AGGRESSIE EN SELFVERTOON (VRAELYS 3)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 50 | 60 | 8 | 8 | 28 | 26 | 1 | 0 | 48 | 58 | 6 | 5 | 28 | 33 | 1 | 2 | 170 | 192 |
| | 25-34 jaar | 56 | 68 | 8 | 11 | 35 | 37 | 1 | 2 | 53 | 57 | 9 | 12 | 34 | 44 | 1 | 0 | 197 | 231 |
| | 35-44 jaar | 41 | 49 | 8 | 5 | 27 | 30 | 1 | 1 | 40 | 39 | 8 | 7 | 27 | 32 | 1 | 1 | 153 | 164 |
| | 45-54 jaar | 32 | 34 | 7 | 6 | 25 | 20 | 1 | 1 | 31 | 38 | 7 | 7 | 26 | 28 | 1 | 1 | 130 | 135 |
| | 55-64 jaar | 21 | 19 | 8 | 8 | 19 | 7 | 1 | 0 | 23 | 27 | 7 | 4 | 21 | 14 | 1 | 1 | 101 | 80 |
| | 65 jaar en ouer | 12 | 12 | 5 | 5 | 11 | 6 | 1 | 1 | 18 | 7 | 5 | 1 | 17 | 3 | 1 | 0 | 70 | 35 |
| NATAL | 18-24 jaar | 4 | 4 | 1 | 3 | 13 | 14 | 1 | 1 | 4 | 5 | 1 | 1 | 13 | 14 | 1 | 1 | 37 | 40 |
| | 25-34 jaar | 5 | 5 | | | 14 | 10 | 1 | 2 | 5 | 6 | 1 | 2 | 13 | 15 | 1 | 1 | 41 | 44 |
| | 35-44 jaar | 5 | 5 | 1 | 2 | 12 | 10 | 1 | 0 | 5 | 5 | | | 13 | 14 | 1 | 1 | 39 | 38 |
| | 45-54 jaar | 4 | 3 | | | 12 | 11 | 1 | 1 | 3 | 3 | 1 | 1 | 12 | 12 | 1 | 2 | 34 | 32 |
| | 55-64 jaar | 3 | 2 | 1 | 0 | 10 | 7 | 1 | 1 | 3 | 3 | | | 13 | 13 | 1 | 0 | 31 | 26 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 0 | | | 8 | 6 | | | 2 | 2 | | | 13 | 2 | | | 24 | 10 |
| TOTAAL | | 234 | 261 | 47 | 48 | 214 | 184 | 11 | 10 | 235 | 250 | 45 | 40 | 230 | 224 | 11 | 10 | 1027 | 1027 |

$\chi^2 = 86,09$

gv = 87

$p > 0,05$

TABEL 2.6

SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, PRESTASIE, SPEL EN BEGRIP (VRAELYS 1)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 57 | 57 | 8 | 6 | 31 | 29 | 1 | 1 | 55 | 58 | 7 | 7 | 31 | 34 | 2 | 5 | 192 | 197 |
| | 25-34 jaar | 63 | 63 | 9 | 7 | 40 | 35 | 2 | 3 | 60 | 72 | 9 | 8 | 39 | 48 | 1 | 0 | 223 | 236 |
| | 35-44 jaar | 47 | 50 | 9 | 12 | 30 | 28 | 1 | 1 | 45 | 46 | 9 | 9 | 30 | 29 | 1 | 1 | 172 | 176 |
| | 45-54 jaar | 37 | 41 | 8 | 6 | 28 | 27 | 1 | 2 | 35 | 41 | 8 | 9 | 30 | 33 | 1 | 1 | 148 | 160 |
| | 55-64 jaar | 23 | 22 | 10 | 12 | 22 | 14 | 1 | 2 | 26 | 28 | 8 | 9 | 25 | 28 | 1 | 0 | 116 | 115 |
| | 65 jaar en ouer | 14 | 10 | 6 | 5 | 13 | 10 | 1 | 0 | 20 | 20 | 7 | 8 | 19 | 19 | 1 | 0 | 81 | 72 |
| NATAL | 18-24 jaar | 5 | 5 | 1 | 2 | 14 | 14 | 1 | 0 | 5 | 6 | 1 | 1 | 16 | 17 | 1 | 1 | 43 | 44 |
| | 25-34 jaar | 7 | 8 | | | 17 | 12 | 1 | 1 | 6 | 5 | 1 | 3 | 15 | 15 | 1 | 1 | 49 | 47 |
| | 35-44 jaar | 6 | 6 | 1 | 1 | 14 | 10 | 1 | 0 | 5 | 4 | | | 14 | 15 | 1 | 0 | 43 | 37 |
| | 45-54 jaar | 5 | 7 | | | 13 | 12 | 1 | 0 | 4 | 3 | 1 | 1 | 14 | 12 | 1 | 1 | 39 | 35 |
| | 55-64 jaar | 2 | 2 | 1 | 0 | 12 | 11 | 1 | 0 | 3 | 2 | | | 14 | 15 | 1 | 1 | 33 | 31 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 1 | | | 9 | 5 | | | 2 | 2 | | | 15 | 8 | | | 27 | 16 |
| TOTAAL | | 267 | 272 | 53 | 51 | 243 | 207 | 12 | 10 | 266 | 287 | 51 | 55 | 262 | 273 | 12 | 11 | 1166 | 1166 |

$\chi^2 = 48,77$

gv = 87

$p > 0,05$

TABEL 2.7

SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, OUTONOMIE, VERANDERING EN KOGNITIEWE STRUKTUUR (VRAELYS 2)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 54 | 47 | 8 | 9 | 30 | 34 | 1 | 1 | 52 | 56 | 7 | 4 | 30 | 33 | 1 | 2 | 183 | 186 |
| | 25-34 jaar | 60 | 64 | 9 | 9 | 38 | 34 | 1 | 1 | 58 | 64 | 9 | 8 | 37 | 37 | 1 | 2 | 213 | 219 |
| | 35-44 jaar | 45 | 49 | 9 | 11 | 29 | 31 | 1 | 1 | 43 | 51 | 9 | 5 | 29 | 29 | 1 | 0 | 166 | 177 |
| | 45-54 jaar | 35 | 39 | 8 | 9 | 27 | 18 | 1 | 1 | 33 | 22 | 8 | 6 | 28 | 28 | 1 | 1 | 141 | 124 |
| | 55-64 jaar | 22 | 21 | 9 | 9 | 21 | 18 | 1 | 3 | 25 | 33 | 8 | 7 | 23 | 26 | 1 | 0 | 110 | 117 |
| | 65 jaar en ouer | 13 | 14 | 5 | 6 | 12 | 12 | 1 | 0 | 19 | 19 | 5 | 5 | 19 | 19 | 1 | 0 | 75 | 75 |
| NATAL | 18-24 jaar | 5 | 5 | 1 | 3 | 13 | 10 | 1 | 0 | 4 | 3 | 1 | 1 | 15 | 19 | 1 | 0 | 40 | 38 |
| | 25-34 jaar | 7 | 8 | | | 16 | 15 | 1 | 1 | 6 | 3 | 1 | 1 | 15 | 16 | 1 | 0 | 48 | 47 |
| | 35-44 jaar | 6 | 5 | 1 | 1 | 13 | 11 | 1 | 2 | 5 | 5 | | | 13 | 16 | 1 | 0 | 41 | 40 |
| | 45-54 jaar | 4 | 4 | | | 12 | 11 | 1 | 1 | 3 | 3 | 1 | 0 | 13 | 16 | 1 | 1 | 35 | 37 |
| | 55-64 jaar | 2 | 1 | 1 | 1 | 12 | 13 | 1 | 0 | 4 | 5 | | | 14 | 17 | 1 | 1 | 34 | 37 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 0 | | | 9 | 5 | | | 2 | 2 | | | 14 | 8 | | | 26 | 15 |
| TOTAAL | | 254 | 257 | 51 | 58 | 232 | 212 | 11 | 11 | 254 | 266 | 49 | 37 | 250 | 264 | 11 | 7 | 1112 | 1112 |

$\chi^2 = 53,99$

gv = 87

$p > 0,05$

TABEL 2.8

SAMESTELLING VAN DIE 1977-STEEKPROEF TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK, AFFILIASIE, AGGRESSIE EN SELFVERTOON (VRAELYS 3)

| Provinsie | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | Stedelik | | Nie-stedelik | | | |
| | | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef | Verwagte getal | Steekproef |
| TRANSVAAL | 18-24 jaar | 55 | 49 | 8 | 9 | 30 | 30 | 1 | 1 | 53 | 60 | 7 | 9 | 31 | 34 | 1 | 2 | 186 | 194 |
| | 25-34 jaar | 61 | 55 | 9 | 11 | 38 | 31 | 1 | 3 | 58 | 60 | 9 | 8 | 37 | 41 | 1 | 3 | 214 | 212 |
| | 35-44 jaar | 46 | 49 | 9 | 12 | 30 | 31 | 1 | 2 | 44 | 52 | 9 | 11 | 29 | 28 | 1 | 0 | 169 | 185 |
| | 45-54 jaar | 35 | 39 | 8 | 8 | 27 | 25 | 1 | 1 | 34 | 40 | 8 | 6 | 29 | 29 | 1 | 1 | 143 | 149 |
| | 55-64 jaar | 22 | 15 | 9 | 10 | 21 | 16 | 1 | 1 | 25 | 26 | 8 | 11 | 24 | 23 | 1 | 0 | 111 | 102 |
| | 65 jaar en ouer | 14 | 13 | 5 | 7 | 13 | 11 | 1 | 0 | 19 | 18 | 5 | 8 | 19 | 21 | 1 | 0 | 77 | 78 |
| NATAL | 18-24 jaar | 5 | 5 | 1 | 0 | 14 | 12 | 1 | 0 | 4 | 3 | 1 | 0 | 15 | 14 | 1 | 1 | 41 | 35 |
| | 25-34 jaar | 7 | 8 | | | 16 | 13 | 1 | 2 | 6 | 7 | 1 | 2 | 15 | 14 | 1 | 2 | 48 | 48 |
| | 35-44 jaar | 6 | 8 | 1 | 1 | 14 | 11 | 1 | 0 | 5 | 6 | | | 14 | 15 | 1 | 0 | 43 | 42 |
| | 45-54 jaar | 4 | 3 | | | 12 | 11 | 1 | 1 | 3 | 7 | 1 | 1 | 13 | 11 | 1 | 1 | 35 | 35 |
| | 55-64 jaar | 2 | 1 | 1 | 1 | 11 | 12 | 1 | 0 | 3 | 2 | | | 14 | 13 | 1 | 0 | 32 | 28 |
| | 65 jaar en ouer | 1 | 1 | | | 9 | 6 | | | 2 | 2 | | | 14 | 8 | | | 26 | 17 |
| TOTAAL | | 258 | 246 | 51 | 59 | 235 | 209 | 11 | 11 | 256 | 283 | 49 | 56 | 254 | 251 | 11 | 10 | 1125 | 1125 |

$\chi^2 = 56,26$

gv = 87

$p > 0,05$


TABEL 2.9

SAMESTELLING VAN AFGEPAARDE GROEPE

| Huwelikstaat | Woonplek | Ouderdom | Manlik | | | | | | | | Vroulik | | | | | | | | Totaal | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | Afrikaans | | | | Engels | | | | | |
| | | | Tot St. 10 | | Na St. 10 | | Tot St. 10 | | Na St. 10 | | Tot St. 10 | | Na St. 10 | | Tot St. 10 | | Na St. 10 | | | |
| | | | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % | N | % |
| GETROUD (Is of was) | HUIS | 18-24 jaar | 1 | 0,240 | | | | | | | 11 | 2,644 | 3 | 0,721 | 1 | 0,240 | | | 16 | 3,846 |
| | | 25-34 jaar | 9 | 2,163 | 16 | 3,846 | 1 | 0,240 | 5 | 1,202 | 30 | 7,212 | 12 | 2,885 | 5 | 1,202 | 5 | 1,202 | 83 | 19,952 |
| | | 35-54 jaar | 23 | 5,529 | 14 | 3,365 | 5 | 1,202 | 5 | 1,202 | 52 | 12,500 | 18 | 4,327 | 13 | 3,125 | 6 | 1,442 | 136 | 32,692 |
| | | 55 jaar en ouer | 18 | 4,327 | 9 | 2,163 | 3 | 0,721 | 2 | 0,481 | 35 | 8,413 | 5 | 1,202 | 9 | 2,163 | 2 | 0,481 | 83 | 19,952 |
| | ANDER | 18-24 jaar | 1 | 0,240 | 2 | 0,481 | | | | | 2 | 0,481 | | | | | | | 5 | 1,202 |
| | | 25-34 jaar | 2 | 0,481 | 3 | 0,721 | 1 | 0,240 | | | 3 | 0,721 | 2 | 0,481 | 4 | 0,962 | 1 | 0,240 | 16 | 3,846 |
| | | 35-54 jaar | | | 1 | 0,240 | 1 | 0,240 | | | 3 | 0,721 | | | 2 | 0,481 | | | 7 | 1,683 |
| | | 55 jaar en ouer | | | | | 1 | 0,240 | | | 1 | 0,240 | | | 3 | 0,721 | | | 5 | 1,202 |
| ONGETROUD | HUIS | 18-24 jaar | 11 | 2,644 | 7 | 1,683 | 1 | 0,240 | 3 | 0,721 | 11 | 2,644 | 5 | 1,202 | 2 | 0,481 | 1 | 0,240 | 41 | 9,856 |
| | | 25-34 jaar | | | | | | | 2 | 0,481 | | | | | | | | | 2 | 0,481 |
| | | 35-54 jaar | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | 55 jaar en ouer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | ANDER | 18-24 jaar | 5 | 1,202 | 4 | 0,962 | 1 | 0,240 | 3 | 0,721 | 1 | 0,240 | 5 | 1,202 | | | 2 | 0,481 | 21 | 5,048 |
| | | 25-34 jaar | | | | | | | 1 | 0,240 | | | | | | | | | 1 | 0,240 |
| | | 35-54 jaar | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | 55 jaar en ouer | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| TOTAAL | | | 70 | 16,827 | 56 | 13,462 | 14 | 3,365 | 21 | 5,048 | 149 | 35,817 | 50 | 12,019 | 39 | 9,375 | 17 | 4,087 | 416 | 100 |

FIGUUR 2.2

VERGELYKING VAN DIE SAMESTELLING VAN DIE TOTALE AFGEPAARDE GROEP MET DIE SAMESTELLING VAN DIE BLANKE BEVOLKING VAN 18 JAAR EN OUER IN TRANSVAAL EN NATAL (GESAMENTLIK)



## HOOFSTUK 3

## RESULTATE

### 3.1 INLEIDING

Die resultate wat betrekking het op die vergelykings wat tussen die PRF-tellings van die verteenwoordigende steekproewe van 1973 en 1977 getref is om na te gaan of daar oor diê tydperk enige veranderinge in persoonlikheid by die breë bevolking voorgekom het, word in tabel 3.1 aangebied.

In tabelle 3.2 tot 3.10 verskyn die resultate wat met die statistiese vergelykings tussen die gemiddelde verskiltellings van die Televisieverspreiding en die Nie-televisieverspreiding verkry is. Uit laasgenoemde resultate kan afleidings oor die invloed van televisie op persoonlikheid gemaak word.

Alle gemiddeldes en standaardafwykings is tot twee desimale afgerond, terwyl die t-waardes tot vier desimale aangedui word. By elke geval waar 'n verskil op die 5-persentvlak statisties betekenisvol is ($p < 0{,}05$), is 'n asterisk (*) langs die betrokke t-waarde aangebring.

In die bespreking van die gegewens word hoofsaaklik na die resultate oor die invloed van televisie (tabelle 3.2 tot 3.10) verwys. Om hierdie resultate in perspektief te plaas, word daar ook verwys na die algemene tendense wat by die breë bevolking (televisiekykers en nie-kykers gesamentlik) ten opsigte van persoonlikheid voorgekom het.

### 3.2 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK PRESTASIE (TABELLE 3.1 EN 3.2)

Volgens tabel 3.1 verskil die gemiddelde tellings van die respondente van die 1973- en 1977-steekproewe ten opsigte van die persoonlikheidstrek Prestasie nie statisties betekenisvol van mekaar nie. Hiervolgens wil dit voorkom of die prestasiebewustheid van die volwasse bevolking in Transvaal en Natal oor hierdie tydperk relatief konstant gebly het.

Indien gelet word op die invloed van televisie, blyk uit tabel 3.2 dat daar, met die uitsondering van die subgroep Engelssprekende vroue, by al die afgepaarde groepe respondente (totaal sowel as subgroepe) geen statisties betekenisvolle verskille tussen die gemiddelde verskiltellings van die Televisieverspreiding en die Nie-televisieverspreiding voorgekom het nie. Die toegang tot 'n televisiestel tuis het dus slegs by die Engelssprekende vroue moontlik die persoonlikheidstrek Prestasie beïnvloed. Uit die minusteken van die t-waarde kan afgelei word dat televisie by hierdie vroue 'n afname in prestasiebewustheid tot gevolg gehad het.

## 3.3 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SPEL (TABELLE 3.1 EN 3.3)

Uit tabel 3.1 kan afgelei word dat, wat die breë bevolking betref, daar van 1973 tot 1977 geen statisties betekenisvolle verandering ten opsigte van die persoonlikheidstrek Spel voorgekom het nie. Voorts blyk uit tabel 3.3 dat die toegang tot 'n televisiestel tuis skynbaar geen invloed op hierdie trek gehad het nie.

## 3.4 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK BEGRIP (TABELLE 3.1 EN 3.4)

Soos in die geval van die persoonlikheidstrek Spel het daar hier ook geen statisties betekenisvolle verskille voorgekom nie.

## 3.5 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK OUTONOMIE (TABELLE 3.1 EN 3.5)

Alhoewel daar oor die tydperk 1973 tot 1977 by die breë bevolking geen statisties betekenisvolle veranderinge in die gemiddelde tellings op die skaal Outonomie voorgekom het nie (tabel 3.1), wil dit tog voorkom of die toegang tot 'n televisiestel tuis 'n uitwerking gehad het op die tellings van twee afgepaarde subgroepe respondente, naamlik die subgroep mans in die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar en die subgroep Engelssprekende vroue (tabel 3.5). Ten opsigte van die mans in die genoemde ouderdomsgroep kan afgelei word dat televisie die persoonlikheidstrek Outonomie versterk het, terwyl die teenoorgestelde afleiding by die Engelssprekende vroue gemaak kan word.

## 3.6 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK VERANDERING (TABELLE 3.1 EN 3.6)

Uit tabel 3.6 blyk dat die toegang tot 'n televisiestel tuis moontlik die geneigdheid tot verandering by die afgepaarde groep mans van 25 tot 34 jaar laat afneem het. Wat algemene verskuiwings betref, is daar geen statisties betekenisvolle verskille tussen die 1973- en 1977-opnames met betrekking tot hierdie persoonlikheidstrek aangetref nie (tabel 3.6).

## 3.7 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK KOGNITIEWE STRUKTUUR (TABELLE 3.1 EN 3.7)

Dit blyk uit tabel 3.7 dat die toegang tot 'n televisiestel tuis moontlik 'n stimulerende uitwerking op die kognitiewe strukturering van die afgepaarde subgroep Engelssprekende mans gehad het. Ten spyte van hierdie invloed is die gemiddelde tellings van die breë bevolking op die skaal kognitiewe struktuur in 1977 statisties betekenisvol laer as in 1973.

## 3.8 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AFFILIASIE (TABELLE 3.1 EN 3.8)

Ten opsigte van die breë bevolking in Transvaal en Natal kan afgelei word (tabel

3.1) dat die persoonlikheidstrek Affiliasie oor die tydperk 1973 tot 1977 relatief konstant gebly het. Dit wil egter voorkom of televisie wel die affiliasiestrewe by een van die afgepaarde subgroepe, naamlik die vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar, laat toeneem het.

## 3.9 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AGGRESSIE (TABELLE 3.1 EN 3.9)

Indien gelet word op die resultate in tabel 3.1, kan afgelei word dat aggressiwiteit by die breë bevolking, soos gemeet deur die PRF, oor die tydperk 1973 tot 1977 relatief konstant gebly het. Aanduidings is egter aangetref dat die toegang tot 'n televisiestel tuis 'n stimulerende effek gehad het op aggressiwiteit by beide die totale afgepaarde groep respondente en die afgepaarde mans (18 tot 24 jaar).

## 3.10 DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SELFVERTOON (TABELLE 3.1 EN 3.10)

Geen statisties betekenisvolle verskille het ten opsigte van hierdie persoonlikheidstrek voorgekom nie.

TABEL 3.1

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE PRF-TELLINGS VAN DIE 1973-STEEKPROEWE EN DIE 1977-STEEKPROEWE

| Persoonlikheidstrek | Jaar | n | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Prestasie | 1977 | 1 166 | 13,42 | 3,55 | -0,0899 |
| | 1973 | 1 032 | 13,43 | 3,68 | |
| Spel | 1977 | 1 166 | 8,82 | 3,35 | -0,2105 |
| | 1973 | 1 032 | 8,85 | 3,24 | |
| Begrip | 1977 | 1 166 | 11,90 | 3,11 | -0,9533 |
| | 1973 | 1 032 | 12,03 | 3,15 | |
| Outonomie | 1977 | 1 112 | 8,57 | 3,06 | +1,1710 |
| | 1973 | 1 056 | 8,42 | 0,80 | |
| Verandering | 1977 | 1 112 | 8,59 | 3,21 | -0,4122 |
| | 1973 | 1 056 | 8,65 | 3,20 | |
| Kognitiewe struktuur | 1977 | 1 112 | 13,11 | 3,46 | -3,2394* |
| | 1973 | 1 056 | 13,58 | 3,25 | |
| Affiliasie | 1977 | 1 125 | 13,90 | 3,36 | +1,9466 |
| | 1973 | 1 027 | 13,61 | 3,39 | |
| Aggressie | 1977 | 1 125 | 5,02 | 3,15 | -1,2757 |
| | 1973 | 1 027 | 5,19 | 3,15 | |
| Selfvertoon | 1977 | 1 125 | 6,39 | 3,94 | -0,1328 |
| | 1973 | 1 027 | 6,41 | 3,84 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

## TABEL 3.2

### VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK PRESTASIE

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | -0,19 | 4,61 | +0,0829 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,20 | 4,83 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,43 | 4,87 | +0,5418 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,67 | 4,94 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | +0,23 | 4,45 | -0,4001 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,57 | 4,62 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | +0,11 | 4,26 | +0,8113 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,17 | 4,69 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | -0,95 | 5,22 | -2,1598* |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,21 | 5,22 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | -1,54 | 5,13 | -0,9183 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,77 | 5,33 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | +0,13 | 4,73 | +0,4574 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,23 | 5,02 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,14 | 4,94 | +0,6613 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,59 | 4,64 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | +0,48 | 3,99 | +0,4816 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,12 | 4,68 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | -0,23 | 4,47 | -0,0905 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,16 | 5,02 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | -0,26 | 4,95 | -0,4770 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,02 | 4,44 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | +0,02 | 4,51 | +0,4083 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,18 | 4,85 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | -0,13 | 4,11 | -0,2764 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,04 | 5,08 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

## TABEL 3.3

**VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SPEL**

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | 0,19 | 4,26 | +1,5295 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,11 | 4,32 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | +0,08 | 4,55 | +0,4219 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,08 | 4,94 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | +1,29 | 4,52 | +0,3733 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,94 | 4,28 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | -0,05 | 3,91 | +1,6588 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,48 | 3,92 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | +0,63 | 4,55 | +0,3053 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,45 | 4,17 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | -0,69 | 4,77 | -0,2051 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,54 | 5,08 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | +1,05 | 4,82 | +1,0946 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,30 | 4,59 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | +1,08 | 4,53 | -0,0922 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,14 | 4,57 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -0,39 | 3,80 | +0,4452 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,73 | 5,01 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | +0,23 | 4,40 | +0,6219 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,18 | 4,44 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | +0,71 | 4,08 | +1,0679 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,21 | 3,96 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -0,44 | 4,13 | +0,0260 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,45 | 3,69 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | +0,24 | 3,62 | +1,8714 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,60 | 4,16 | |

*p < 0,05

gv = (n-1)

## TABEL 3.4

### VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK BEGRIP

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | -0,34 | 4,15 | -1,6079 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,01 | 4,23 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | +0,62 | 4,34 | +0,6753 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,38 | 4,24 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | -1,23 | 4,26 | -0,7642 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,46 | 5,54 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | -0,57 | 3,82 | -1,7984 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,09 | 3,98 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | -1,09 | 4,46 | -1,3226 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,34 | 4,19 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,18 | 4,48 | -0,5524 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,62 | 4,73 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | -0,53 | 4,44 | -0,0304 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,50 | 4,83 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | +0,08 | 4,73 | +0,3625 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,12 | 4,55 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | +1,36 | 3,52 | +0,5005 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,03 | 3,96 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | -0,68 | 3,63 | -1,2391 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,05 | 3,98 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | +0,34 | 3,84 | +0,3242 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,18 | 3,90 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -1,38 | 3,85 | -1,8611 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,62 | 4,20 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | -0,65 | 4,41 | -1,6023 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,24 | 3,90 | |

*$p < 0,05$
gv = (n-1)

## TABEL 3.5

### VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK OUTONOMIE

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | -0,01 | 3,75 | -1,3023 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,24 | 3,68 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | +0,72 | 3,81 | +0,9959 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,39 | 3,40 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | -0,11 | 4,50 | +0,1527 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,23 | 3,93 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | -0,19 | 3,32 | -1,0701 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,09 | 3,67 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | -0,95 | 4,30 | -2,9488* |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,73 | 4,19 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,85 | 4,43 | +2,1429* |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,41 | 3,70 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | +0,63 | 3,75 | -0,6469 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,05 | 3,55 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,08 | 4,03 | +0,6598 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,45 | 3,51 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | +1,00 | 3,63 | -0,1868 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,12 | 3,00 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | +0,93 | 4,00 | -1,3406 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,84 | 4,30 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | -0,58 | 3,45 | -1,3420 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,02 | 4,15 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -0,66 | 3,54 | -1,6202 |
| | | Nie-TV-verspreiding | 0,00 | 3,62 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | -0,60 | 3,22 | -0,3974 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,42 | 2,86 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

TABEL 3.[illegible]

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK VERANDERING

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | -0,36 | 4,18 | -0,7158 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,22 | 4,14 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,28 | 4,55 | -0,4397 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,13 | 4,56 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | -1,17 | 4,11 | -1,5336 |
| | | Nie-TV-verspreiding | 0,00 | 4,52 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | -0,48 | 3,72 | +0,1951 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,54 | 3,77 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | +0,38 | 4,80 | -0,3100 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,57 | 4,15 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,10 | 4,66 | +0,6018 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,26 | 4,28 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | -1,08 | 3,83 | -2,7856* |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,73 | 4,42 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,08 | 4,39 | +0,2466 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,22 | 4,66 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -1,00 | 5,07 | -0,4048 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,73 | 4,83 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | -1,20 | 3,90 | -0,1783 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,09 | 3,80 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | -0,42 | 3,87 | -1,0885 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,18 | 3,92 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -0,16 | 4,06 | +0,1556 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,22 | 3,84 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | +0,35 | 4,04 | +1,1325 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,31 | 3,96 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

TABEL 3.7

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK KOGNITIEWE STRUKTUUR

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | +0,02 | 4,39 | +0,5746 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,11 | 4,19 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,64 | 4,52 | -0,9537 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,25 | 4,02 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | +0,80 | 4,94 | +2,4399* |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,29 | 5,47 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | +0,36 | 4,25 | +0,3017 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,27 | 3,78 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | -0,20 | 4,11 | +0,3520 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,41 | 4,94 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | -0,31 | 4,98 | -0,4279 |
| | | Nie-TV-verspreiding | 0,00 | 4,08 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | -0,40 | 4,35 | +0,8250 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,03 | 3,77 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,27 | 4,86 | +1,0641 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,00 | 4,55 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -0,36 | 4,39 | -0,8487 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,42 | 5,08 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | +0,70 | 4,46 | -0,5743 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +1,09 | 4,87 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | +0,21 | 4,29 | +1,9156 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,94 | 4,32 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | +0,28 | 4,24 | +0,1921 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,19 | 3,92 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | -0,18 | 3,95 | -1,2429 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,40 | 3,02 | |

*$p < 0{,}05$
gv = (n-1)

TABEL 3.8

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AFFILIASIE

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | +0,31 | 4,43 | +0,5910 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,18 | 4,55 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,02 | 4,39 | +0,1376 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,07 | 4,55 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | +2,09 | 4,94 | -0,6970 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +2,71 | 5,78 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | +0,27 | 4,22 | +0,9002 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,01 | 4,24 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | +0,07 | 4,77 | +0,4235 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,18 | 4,36 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,49 | 3,70 | +1,2279 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,26 | 4,55 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | +0,63 | 4,42 | +0,2554 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,45 | 5,13 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | +0,59 | 5,27 | -0,4480 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,94 | 5,25 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -0,06 | 4,78 | -1,1982 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,97 | 4,89 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | -0,27 | 4,34 | -0,7490 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,23 | 4,02 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | +0,44 | 4,25 | +2,1909* |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,74 | 4,76 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | +0,32 | 4,33 | +0,8283 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,04 | 4,44 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | +0,22 | 4,56 | -0,4949 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,51 | 3,46 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

TABEL 3.9

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK AGGRESSIE

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | +0,01 | 3,89 | +2,3266* |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,46 | 4,00 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,09 | 4,27 | +1,7860 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,74 | 3,93 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | -0,34 | 4,61 | +1,5175 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,60 | 4,53 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | +0,02 | 3,61 | +1,0505 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,28 | 3,81 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | +0,45 | 3,56 | +0,3443 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,25 | 4,35 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,92 | 3,71 | +2,3514* |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,54 | 3,95 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | -0,75 | 5,12 | -0,5625 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,33 | 4,88 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,49 | 4,31 | +1,8957 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,67 | 4,19 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -0,15 | 3,95 | +1,3169 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -1,00 | 2,75 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | +0,80 | 4,01 | -0,1414 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,89 | 4,29 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | -0,08 | 3,60 | +0,7630 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,53 | 4,76 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -0,14 | 3,50 | +0,4212 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,31 | 3,71 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | +0,22 | 3,42 | +1,2906 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,33 | 2,78 | |

*$p < 0,05$

gv = (n-1)

TABEL 3.10

VERGELYKING VAN DIE GEMIDDELDE VERSKILTELLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE PERSOONLIKHEIDSTREK SELFVERTOON

| Afgepaarde groepe | n | Verspreiding van verskiltellings | $\bar{X}$ | s. | t |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale groep | 416 | TV-verspreiding | +0,13 | 4,79 | +0,8189 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,09 | 5,01 | |
| Afrikaanssprekende mans | 126 | TV-verspreiding | -0,44 | 5,00 | +0,2097 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,55 | 4,94 | |
| Engelssprekende mans | 35 | TV-verspreiding | +1,49 | 4,69 | +0,7807 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,66 | 5,94 | |
| Afrikaanssprekende vroue | 199 | TV-verspreiding | +0,44 | 4,70 | +0,5173 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,25 | 4,84 | |
| Engelssprekende vroue | 56 | TV-verspreiding | -0,54 | 4,48 | +0,2557 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,70 | 5,10 | |
| Mans van 18 tot 24 jaar | 39 | TV-verspreiding | +0,44 | 4,94 | +1,1154 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,69 | 5,77 | |
| Mans van 25 tot 34 jaar | 40 | TV-verspreiding | +0,20 | 5,11 | -0,6282 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +0,80 | 5,28 | |
| Mans van 35 tot 54 jaar | 49 | TV-verspreiding | -0,33 | 4,82 | +0,5120 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,74 | 5,03 | |
| Mans van 55 jaar en ouer | 33 | TV-verspreiding | -0,39 | 5,29 | +0,0761 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,45 | 4,52 | |
| Vroue van 18 tot 24 jaar | 44 | TV-verspreiding | +1,55 | 4,86 | -0,8361 |
| | | Nie-TV-verspreiding | +2,30 | 4,37 | |
| Vroue van 25 tot 34 jaar | 62 | TV-verspreiding | +0,60 | 5,05 | +1,5699 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,53 | 5,20 | |
| Vroue van 35 tot 54 jaar | 94 | TV-verspreiding | -0,36 | 4,44 | +0,2516 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,48 | 5,09 | |
| Vroue van 55 jaar en ouer | 55 | TV-verspreiding | -0,25 | 4,30 | -0,0296 |
| | | Nie-TV-verspreiding | -0,24 | 4,23 | |

*p < 0,05

gv = (n-1)

# HOOFSTUK 4

# SAMEVATTENDE BESPREKING

## 4.1 DOEL

Die doel met die navorsing waaroor daar hier gerapporteer is, was om by 'n groep Blankes van 18 jaar en ouer na te gaan of die toegang tot 'n televisiestel tuis enige korttermyninvloed gehad het op nege persoonlikheidstrekke soos gemeet deur die Personality Research Form (PRF) van Jackson (1967).

## 4.2 METODE

Die ondersoek is gebaseer op gegewens wat in 1973 en 1977 in Transvaal en Natal ingesamel is. Tèn einde agtergrondgegewens te verkry, is daar eerstens gelet op veranderings wat oor die tydperk 1973 tot 1977 ten opsigte van die nege persoonlikheidstrekke voorgekom het by steekproewe wat die breë volwasse bevolking in Transvaal en Natal verteenwoordig het. Hierna is die invloed van die toegang tot 'n televisiestel tuis op hierdie nege persoonlikheidstrekke ondersoek. Dit is gedoen deur middel van die afparing van drie groepe respondente, naamlik die Voor-televisiegroep, die Televisiegroep en die Nie-televisiegroep. Die drie afgepaarde groepe respondente is ter wille van meer gedifferensieerde vergelykings elk in 'n verdere 12 subgroepe verdeel volgens die veranderlikes geslag, huistaal en ouderdom.

Verskiltellings is in alle gevalle bereken tussen die tellings van die Voor-televisiegroep en die Televisiegroep asook tussen die Voor-televisiegroep en die Nie-televisiegroep. Hierna is die twee stelle gemiddelde verskiltellings deur middel van t-toetse vir afgepaarde groepe vergelyk ten einde die invloed van televisie op persoonlikheid te ondersoek.

## 4.3 VERNAAMSTE BEVINDINGS

Uit die resultate wat op die breë volwasse Blanke bevolking van Transvaal en Natal betrekking het, blyk dat die gemiddelde tellings op die nege persoonlikheidskale, met die uitsondering van kognitiewe struktuur, nie statisties betekenisvol oor die tydperk 1973 tot 1977 verander het nie. Hiervolgens wil dit voorkom of die persoonlikheidstrekke, soos met die PRF-skale gemeet, oor genoemde tydperk relatief stabiel gebly het.

Voorts is bevind dat die toegang tot 'n televisiestel tuis slegs by enkele afgepaarde groepe 'n invloed op sekere persoonlikheidstrekke gehad het. Die wyse waarop televisie die persoonlikheid van die respondente in die onderskeie afgepaarde groepe geraak het, is soos volg:

- *'n Afname in prestasiegeneigdheid by die Engelssprekende vroue*

  Televisie het by hierdie respondente dié uitwerking gehad dat die mate afgeneem het waarin hulle onder andere ambisieus, presterend, produktief, selfverbeterend, kompeterend of vindingryk was.

- *'n Toename in selfstandigheidstrewe (Outonomie) by die mans in die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar*

  Hierdie respondente het geneig om byvoorbeeld meer indiwidualisties, niekonformerend of selfvertrouend te wees as wat die geval sou gewees het indien televisie nie teenwoordig was nie.

- *'n Afname in selfstandigheidstrewe by Engelssprekende vroue*

  In hierdie geval was die uitwerking van televisie die teenoorgestelde as wat die geval was by die mans (18 tot 24 jaar) soos hierbo beskrywe.

- *'n Afname in geneigdheid tot verandering by die mans in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar*

  Die invloed van televisie kan in hierdie geval sô geïnterpreteer word dat hierdie groep mans onder andere meer konsekwent in hul optrede was, meer van roetine gehou het, en makliker by veranderinge in die omgewing aangepas het as wat die geval sou gewees het indien televisie nie teenwoordig was nie.

- *'n Toename in die kognitiewe strukturering by die Engelssprekende mans*

  Die toename in kognitiewe strukturering wat in hierdie geval voorgekom het, dui op 'n toename in die mate waarin die Engelssprekende mans geneig het om nougeset, akkuraat, ondubbelsinnig in hul optrede, of perfeksionisties te wees.

- *'n Toename in affiliasiestrewe by die vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar*

  Die toegang tot 'n televisiestel tuis het by hierdie vroue 'n stimulerende uitwerking gehad op hul affiliasiestrewe (dit wil sê op eienskappe soos vriendelikheid, gasvryheid of lojaliteit).

- *'n Toename in aggressiwiteit by die totale afgepaarde groep asook by die mans in die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar*

  Aggressiwiteit dui hier onder andere op eienskappe soos skoorsoekerigheid,

geïrriteerdheid, opvlieëndheid of wraaksugtigheid.

Ten opsigte van die persoonlikheidstrekke Spel, Begrip en Selfvertoon, kon 'n invloed van televisie nie uitgewys word nie.

By die interpretasie van die resultate oor die invloed van televisie moet in gedagte gehou word dat daar met afgepaarde groepe gewerk is waarvan die samestelling nie noodwendig met die bevolking ooreenstem nie (kyk paragraaf 2.4.2). Die aantal respondente in sommige van die afgepaarde subgroepe is ook relatief klein en hierdie aspek plaas 'n verdere beperking op die veralgemeenbaarheid van die bevindings.

Alhoewel die bevindings dus nie tot die breë bevolking veralgemeen kan word nie, kan die afleiding nogtans gemaak word dat die toegang tot televisie moontlik die potensiaal het om persoonlikheidsverandering by volwassenes teweeg te bring.

## 4.4 MOONTLIKE VERKLARING VAN DIE RESULTATE

Volgens Sullivan (1953) kan 'n mens se persoonlikheid deur sy of haar reaksies op interpersoonlike verhoudings in die omgewing beïnvloed word. Die vraag kan nou ontstaan of die inhoud van televisieprogramme ook 'n invloed op die kyker se persoonlikheid kan hê. Noble (1975) is van mening dat "... television does help to define real life and provides models for social learning which will be enacted in future" (p. 216). Hiervolgens kan televisie, as bron van interpersoonlike verhoudingsmodelle, wel moontlik 'n uitwerking op die kyker se persoonlikheid hê.

Volgens Newman en Newman (1979) hou die persoonlikheid van volwassenes verband met onder andere die rolle wat hulle in die samelewing beklee. Televisie kan dus ook persoonlikheid raak deurdat die verhoudingsmodelle wat gebeeldsend word, die kykers se roldefiniëring beïnvloed. Televisieprogramme kan byvoorbeeld die optrede van mans teenoor vroue voortdurend op 'n bepaalde wyse uitbeeld, en hierdie uitbeelding kan moontlik deur die kykers gebruik word om hul eie rolhantering aan te pas.

Leemtes in rolervaring by die kykers kan ook deur televisie aangevul word: "... television provides very necessary social learning in industrial societies where not all the social roles to be occupied in the future are clearly visible in ... real-life ..." (Noble, 1975, p. 218).

Die wyse waarop interpersoonlike verhoudingsmodelle in televisieprogramme persoonlikheid kan raak deur die kykers se roldefiniëring te beïnvloed, word soos volg deur Noble (1975) opgesom:

"... the viewers could establish identity via the reflected images of self as seen in the interactions of a stable group of significant other people" (p. 205).

By die huidige studie het die meeste veranderinge in persoonlikheid wat moontlik aan televisie toegeskryf kan word, voorgekom by die afgepaarde Engelssprekende vroue (afname in selfstandigheidstrewe en prestasiegeneigdheid), die afgepaarde vroue in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar (toename in affiliasie), die afgepaarde mans in die ouderdomsgroep 18 tot 24 jaar (toename in aggressiwiteit en selfstandigheid), asook die afgepaarde mans in die ouderdomsgroep 25 tot 34 jaar (afname in geneigdheid tot verandering).

Hierdie veranderinge in persoonlikheid is sodanig dat dit oor die algemeen 'n versterking is van dit wat tradisioneel aan die manlike en vroulike geslagsrolle gekoppel word (Kretch, Crutchfield en Ballachey, 1962) - veral indien Erikson se persoonlikheidsteorie ten opsigte van die vroeë en middel volwassefase (Newman en Newman, 1979) in ag geneem word. Hiervolgens word dit van mans verwag om in die algemeen onafhanklik en selfgeldend te wees en om in die middelvolwassefase meer konformerend te word. Van vroue word in die algemeen verwag om afhanklik, onderdanig en sosiaal te wees.

Die bevindings van hierdie ondersoek dui oor die algemeen daarop dat televisie persoonlikheid sodanig beïnvloed het dat bogenoemde tradisionele geslagsroldifferensiasie versterk is by dié respondente wat tuis toegang tot televisie gehad het.

## 4.5 SLOT

Volgens die resultate van hierdie ondersoek wil dit voorkom of televisie by sommige groepe respondente 'n invloed op persoonlikheid gehad het. Hierdie invloed kan moontlik in verband gebring word met die differensiasie van die verskillende rolle wat deur die kykers in die samelewing beklee word.

Die afleidings oor die invloed van televisie op persoonlikheid wat uit hierdie ondersoek gemaak word, het direkte implikasies ten opsigte van die beheer en vervaardiging van televisieprogramme, in dié sin dat groot verantwoordelikheid aan die dag gelê behoort te word in die daarstelling van programinhoud waarin gesonde interpersoonlike verhoudingsmodelle uitgebeeld kan word.

## LITERATUURLYS


1. BARR, A.J., GOODNIGHT, J.H., SALL, J.P. *and* HELWIG, J.T. *A user's guide to SAS. 76.* Raleigh, SAS Institute, 1976.
2. DU TOIT, J.M. *Statistiese metodes.* Stellenbosch, Kosmo-uitgewery, 1966.
3. JACKSON, D.N. *Personality Research Form manual.* New York, Research Psychologist Press, 1967.
4. KRETCH, D., CRUTCHFIELD, R.S. *and* BALLACHEY, E.L. *Individual in society.* New York, McGraw-Hill, 1962.
5. MURRAY, H.A. *Explorations in personality.* Cambridge, Harvard University Press, 1938.
6. NEWMAN, B.M. *and* NEWMAN, P.R. *Development through life: a psychosocial approach.* Homewood, Dorsey, 1979.
7. NOBLE, G. *Children in front of the small screen.* London, Constable, 1975.
8. SNYMAN, N. *Die verband tussen persoonlikheidsbehoeftes en die voorkeur vir onderwerpe uit die massamedia.* Pretoria, RGN, 1976.
9. SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). *Departement van statistiek: Suid-Afrikaanse statistieke - 1972.* Pretoria, Staatsdrukker, 1972.
10. SUID-AFRIKA (REPUBLIEK). *Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie.* Pretoria, Staatsdrukker, 1971.
11. SULLIVAN, H.S. *The interpersonal theory of psychiatry.* New York, Norton, 1953.

Master no. 2626
Dobis no. 2628

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY